

Nuwe Lied Bediening

Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofprijsing tot ons God sodat baie dit sal sien en respekvol vrees en op Yahuah vertrou. Ps.40:3.

Yeshua is die Boom van die Lewe. Wanneer ons die Torah bestudeer moet ons onthou dat Yeshua, Die Gesalfde Een, die Lewende Torah is – die Woord van יהוה wat vlees geword het. Hy is die weg na die waarheid wat lewe gee – die Lewende Manna wat uit die hemel gestuur is. Sonder Yeshua wat deur die Afgesonderde Gees in ons, en deur ons lewe, sal die geskrewe Torah net die dooie letter van die wet wees!!

Yeshua is die hart van die Vader!

Parashah 1: *B'reisheet* – In Begin

In begin het God die hemele en die aarde geskep. Gen. 1:1¹

Torah : Gen. 1:1 tot 6:8.

Haftorah: Jes. 42:5 tot 43:10.

Nuwe Verbond: Matt. 1:1 tot 17; Matt. 19:3 tot 9; Mark. 10:1 tot 12; Joh. 1:1 tot 18; Open. 21:1 tot 5; Open. 22:1 tot 5.

Skriftestudie: Die Verbond en die Torah.

Hierdie notas is aanvullend tot die vorige vier jaar se notas vir Parashah 1 wat afgelaai kan word by: http://nuwelied.info/?page_id=1182

Life is much like a book. The fool leaves through it casually; but the wise man reads it with thoughtful care, knowing that he can read it only once – Jean Paul.

Do you love life? Then do not squander time, for that is the stuff life is made of – Benjamin Franklin.

Real men don't love the most beautiful woman in the world – they love the woman who can make their world the most beautiful! K. Packouz.

God is Light. God is Love. That which professes to be light yet lacks love, is not of יהוה-God; while that which calls itself love, but is not according to light is equally not of God – J. Charleton Steen.

A happy family is but an earlier heaven – George Bernard Shaw.

¹ Alle teksverwysings is geneem uit PWL (Pad van Waarheid tot die Lewe) Vertaling (www.padwlewe.ch), behalwe waar anders vermeld. Om 'n kopie van die Bybel te bekom kan Gerrie Coetzee per e-pos by gerrie@padwlewe.ch gekontak word of telefonies by 074 361 2134

The bond that links your true family is not one of blood, but of respect and joy in each other's life – Richard Bach

When it comes to the learning of Torah you see we are all perpetual 'beginners'. We are all infants. The most mature of us is at best the equivalent of a toddler. If we live 100 years – or 1,000 – we will remain just beginners – Anonymous.

Torah Bespreking

Hersiening

Aan die einde van die jaarlikse Torahsiklus (Parashah 54) het ons in Deuteronomium 34 geles van die dood en die begrafnis van Moses. Terwyl ons nog hierdie gebeure vars in ons geheue het, blaai ons terug na Genesis 1 en lees ons in vers 1 – *In begin het God die hemele en die aarde geskep.*

Die einde van die Torahsiklus is altyd 'n geleentheid vir 'n nuwe begin en 'n nuwe geleentheid om ons Vader se hart, soos dit aan die begin van Sy geskrewe Woord aan ons openbaar word, beter te verstaan. Indien ons die begin verstaan, naamlik YHVH se doel met dit wat Hy aan die begin geskape het, sal ons die einde ook beter kan verstaan!

יהוה-God wat saam met Moses aan die einde van sy aardse lewe was, is ook teenwoordig aan die begin. Hierdie patroon is vir ewig gevestig. Die einde is ook die begin, want saam met YHVH is die einde altyd 'n nuwe begin. Dit is soos 'n spiraal wat ons steeds opwaarts al nader aan יהוה ons God en Vader neem!

Ons Gesindheid Waarmee Ons Begin

Aan die begin van ons nuwe Torahsiklus moet ons, eerstens, 'n oomblik verpoos en selfondersoek doen van ons gesindheid!

Die volgende teksverse spreek van die gesindheid waarmee ons die Torah, en יהוה se Woord in geheel, moet bestudeer:

U woorde is gevind en ek het hulle opgeëet en U woorde het vir my 'n vreugde en 'n blydschap vir my verstand, wil en emosie geword, want ek word volgens U Naam (Karakter en Outoriteit) genoem, o יהוה-Tzva'ot! Jer. 15:16.

¹Toe het Hy vir my gesê: “Seun van 'n mens, eet wat jy vind; eet hierdie boekrol en gaan praat met die huis van Yisra'el.” ²Ek het my mond oopgemaak en Hy het my dié rol gevoer. ³Hy het vir my gesê: “Seun van 'n mens, voed jou maag en vul jou liggaam met hierdie boekrol wat Ek vir jou gee.” Toe het ek dit geëet en dit was soet soos heuning in my mond. Eseg. 3:1 tot 3.

Ons moet יהוה se Woord met gretigheid ontvang, maar ons moet self die Skrifte ondersoek en op die Afgesonderde Gees vertrou om te bevestig of dit die waarheid is (Hand. 17:11). Elkeen moet moeite doen om יהוה deur Sy Woord te ken, want alleenlik dan sal die Afgesonderde Gees ons volgens die waarheid kan leer en lei.

Mag ons almal met hierdie Torahsiklus nuwe geestelike hoogtes bereik, terwyl ons afdaal om dieper te delf op soek na יהוה se geestelike skatte! Laat ons ons bruilofskleed daaglik was met die Woord van יהוה soos in Yeshua bevestig en openbaar gemaak is! Laat Torah, en Yeshua van Torah, ons daaglikse vreugde wees!!

Mag ons vreugdedans van die pas afgelope *Simchat Torah* op *Sh'mini Atzeret* (die Agste Dag) 'n heeljaar dans van vreugde wees!!

Tweedens moet ons in nederigheid en in afhanklikheid voor יהוה buig en onself nie hoër ag as ons naaste nie. Ons elkeen se belydenis behoort ondermeer die volgende te behels:

- Ek dink nie dat ek beter as ander is nie.
- Ek dink nie dat ek redding verdien, terwyl ander dit nie verdien nie.
- Ek glo nie dat ek Torah-gehoorsaam moet wees om my saligheid te verdien nie.
- Ek glo dat ek, soos elkeen, slegs deur vertrouwe in Yeshua as Messias deur יהוה se onverdiende guns gered word.
- Ek dink nie dat ek alles van die Skrifte weet of verstaan nie en daarom moet ek 'n voortdurende leerbare gees openbaar, asook in liefde ruimte maak vir die wat van my verskil.
- Ek dink nie dat ander doemwaardig is omrede hulle nie die ware Name van Vader en Sy Seun ken nie.
- Ek verlang om saam met medegelowiges tot geestelike volwassenheid te groei.

Derdens moet ons deurgaans die gesindheid van die tollenaar openbaar soos dit opgeteken is in die gelykenis in Luk. 18:10 tot 14, en dan veral kennis neem van Yeshua se woorde in vers 14 – “want elkeen wat homself verhoog, sal verneder word, en hy wat homself verneder, sal verhoog word”.

¹⁰“Twee mans het opgegaan na die tempel om te bid, die een 'n Fariseër en die ander 'n belastinggaarder.

¹¹Die Fariseër het gaan staan en by homself so gebid: ‘O God, ek dank U dat ek nie soos die ander mense is nie: afpersers, onderdrukkers, egbrekers en nie soos hierdie belastinggaarder nie.

¹²Ek vas twee keer gedurende die week en ek gee 'n tiende van alles wat ek ontvang.’

¹³Die belastinggaarder het ver weg gestaan en wou selfs nie sy oë na die hemel oplig nie, maar het op sy bors geslaan en gesê: ‘O God, wys my, die sondaar, onverdiende guns!’


¹⁴Ek sê vir julle, hiërdie man het onskuldig na sy huis gegaan, eerder as die Fariseër, want elkeen wat homself verhoog, sal verneder word en hy wat homself verneder, sal verhoog word.”

Laat ons altyd die volgende onthou: YHVH weerstaan die hoogmoediges, maar aan die nederiges gee Hy onverdiende guns (Jak. 4:6).

‘n Boek Het ‘n Begin

Wanneer ons ‘n boek lees begin ons tog by die begin. Die Skrifte is die boek van YHVH aan die mens en daarom moet ons by die begin, begin. Onthou jy *The Sound of Music* en die lied *Do-re-mi*? Die woorde van hierdie lied is ondermeer: *Let's start at the very beginning; a very good place to start. When you read you begin with A-B-C. When you sing you begin with do-re-mi.* Genesis 1:1 is *a very good place to start!!* En Open. 22:21 is ‘n baie “goeie plek” om

te eindig! Alles tussen hierdie begin en hierdie einde is יהוה se Raadsplan om alles te herstel tot soos wat dit in die begin was.



Vra jouself waar is die begin en hoe was dit in die begin? Dit is hoe dit sal eindig! Die Tuin van Eden is die begin! Daarom sal die einde 'n herstelde 'tuin van Eden' wees – 'n nuwe aarde en 'n nuwe Jerusalem.

¹Ek het nuwe hemele en 'n nuwe aarde gesien, want die vorige hemele en die vorige aarde het weggegaan en die see was nie meer nie.

¹⁰Hy het my in die gees gedra na 'n groot, hoë berg en vir my die stad gewys, die afgesonderde Yerushalayim, wat uit die hemel vanaf die Teenwoordigheid van God afkom.

²²en ek het nie die tempel daarin gesien nie, want יהוה-God, wat alles vashou, is sy tempel.

Open. 21:1, 10 en 22.

Dit is baie belangrik om te verstaan dat Rabbynse Judaïsme **nie** hierdie geheelprentjie sien nie, want hulle verwerp Yeshua as Messias, en daarmee saam die Skrifte van die nuwe verbond. Daarom probeer hulle om alle Skrifverklarings en profesieë binne die raamwerk van die Skrifte van die ou verbond (die Tanakh) in te pas! Rabbynse Judaïsme sien nie die volle waarheid van YHVH se plan van herstel nie en daarom is hulle nie geskikte leermeesters nie, veral nie van eindtydgebeure (eskatologie) nie!

Ons moet ook altyd met ons Torahstudie onthou dat die einde word deur die begin bekend gemaak (Jes. 46:9 en 10).

⁹Onthou die dinge wat van ouds af was, want Ek is God en daar is geen ander nie; Ek is God en daar is niemand soos Ek nie; ¹⁰wat van die begin af die einde verklaar en van die ou tyd af dinge wat nog nie gedoen is nie; wat sê: 'My plan sal stand hou en Ek sal al My begeertes uitvoer;

Wanneer ons Torah bestudeer is ons dus altyd op soek na 'n patroon ('n siklus, 'n templaar, 'n bloudruk) wat יהוה vestig. Hierdie patroon is die begin van יהוה se instruksies en onderrig oor 'n bepaalde aspek en is profeties en sal altyd herhaal en vervul word. Daarom moet ons by Genesis hoofstuk 1 begin!

Genesis (*B'reisheet*), tesame met die ander vier boeke van Torah is die historiese en teologiese fondament waarop die res van die Skrifte gebou word. In die ou verbond is die nuwe verbond verskuil en in die nuwe verbond word die ou verbond openbaar gemaak as die finale fase van יהוה se Raadsplan van hertsel. Deeglike kennis, met die gepaardegaande insig van die Tanakh is noodsaaklik om die Skrifte van die nuwe verbond te verstaan.

Genesis (*B'reisheet*) is *die begin*, want dit vertel van die begin van die skepping; die begin van die mensdom; die begin van 'n huwelik en huisgesin; die begin van sonde en dood en die begin van יהוה se plan om alles te herstel soos dit aan die begin voor die sondeval was. Hierdie begin is ook die uitkies van 'n volk volgens יהוה se soewereine wil om Sy plan van herstel uit te voer.

Ons moet altyd onthou dat wanneer ons die Torah, die eerste vyf boeke van die Skrifte, bestudeer, is dit juis om Yeshua Messias te ontdek. Soos Yeshua self gesê het:

Maar as julle Moses geglo het, sou julle My glo, want hy het van My geskrywe. Joh. 5:46.

In sy brief aan Timotheus skryf Paulus ook:

¹⁴Bly jy egter in daardie dinge wat jy geleer het en waarvan jy seker is omdat jy weet van wie jy geleer het ¹⁵en omdat jy van kindsbeen af die afgesonderde Geskrifte geleer is wat jou wys kan maak tot die Lewe in die vertroue van Yeshua, Die Gesalfde Een. 2 Tim. 3:14 en 15.

Die Afgesonderde (Heilige) Skrifte waarna Paulus verwys is die Tanakh (ou verbond) en sluit dus die Torah (die wet), naamlik YHVH se onderrig en instruksies in. Dit was die enigste Skrifte wat aanvanklik bestaan het. Hierdie Skrifte van die ou verbond was die openbaring tot saligheid deur vertroue in Yeshua Messias! Daarom skryf Paulus aan Timotheus om vas te hou aan dit wat hy geleer het en nie sy Hebreuse wortels te vergeet nie!!

Bogenoemde kry ook betekenis in die lig van Joh. 1:46:

Filippos het vir Natan'el gekry en vir hom gesê: “Ons het Hom gevind van Wie Moshe in die wet en van Wie ook die profete geskryf het. Hy is Yeshua, die seun van Yosef van Natzeret.”

Filippos en Natana'el het geglo dat Yeshua die Seun van YHVH en die koning van Israel is (Joh. 1:50) op grond van wat in die wet (die Torah) en die profete geskrywe staan.

Deur die Torah, word Yeshua as Messias dus openbaar gemaak!

Dit herinner ons ook aan die Emmaüsgangers wat gepraat het oor alles wat met Yeshua in Jerusalem gebeur het toe Yeshua by hulle aansluit. Die Emmaüsgangers se oë was egter weerhou sodat hulle Hom nie kon herken nie (Luk. 24:16). Maar Yeshua het begin om vanaf Moses en al die profete vir hulle uit al die Skrifte, die dinge wat op Hom betrekking het, deeglik te verduidelik. Later die aand aan etenstafel het Yeshua brood geneem en nadat Hy gedank het, het hy die brood gebreek en aan hulle gegee. En dan lees ons in Luk. 24:31 tot 35:

³¹Onmiddellik het hulle oë oopgegaan en hulle het Hom herken en Hy het van voor hulle af opgegaan.

³²Hulle sê vir mekaar: “Was ons verstand nie onnosel in ons toe Hy met ons op die pad gepraat en vir ons die Skrifte oopgemaak het nie?”

³³Toe staan hulle dadelik op en gaan terug na Yerushalayim en vind die elf en die wat saam met hulle bymekaar was,

³⁴wat sê: “Ons Meester het waarlik opgestaan en aan Shim'on verskyn.”

³⁵Hulle het ook vertel wat op die pad gebeur het en hoe Hy aan hulle bekend geword het by die breking van die brood.

In die 1953 vertaling lees vers 32 soos volg: *Was ons hart nie brandende in ons toe Hy met ons op die pad gepraat en vir ons die Skrifte uitgelê het nie?*

My gebed is dat ons met hierdie jaar se Torahskriflesings ook 'n brandende hart vir Yeshua ons Messias sal hê. Mag die Afgesonderde Gees ook ons geestelike oë open sodat ons Yeshua sal herken en erken as ons Ewige Hoofpriester volgens die orde van Malki-Tzedek (Melgisédek)! Laat ons strewende wees om waardige en afgesonderde priesters van die orde van Malki-Tzedek te wees!

Laat ons doelwit wees om terug te keer, en onself te organiseer, om te funksioneer soos die gemeente van Handeling. Hierdie volgelinge van Yeshua het bekend gestaan as mense van Die Weg en as Nasareners.

Bepeins of Bespreek

1. Let op na die vertaling in Gen. 1:1 wat lees: *in begin het.....* Hoekom lees dit nie: *In die begin het.....* Waarom word *die* in Gen. 1:1 en in Joh. 1:1 weggelaat? Die rede is dat daar meer as een begin was en dat Gen. 1:1 nog 'n begin was. Hoe weet ons dit? Die oerdere wat uitgesteef het dien as die bewys daarvan. Hierdie oerdere het almal uitgesteef voor die begin in Gen. 1:1! Daarom gee sommige kenners die verklaring van Gen. 1:1 dat יהוה die hemel en die aarde herskep het.

Haftorah Bespreking

Wat is die Haftorah?

Die *Haftorah* (meervoud, *Haftorot*), ook die *Haftarah* genoem (meervoud: *Haftarot*) is 'n gedeelte uit die *Nevi'im* (Profete) wat saam met die weeklikse Torahskriflesing (*parashah*) gelees word. Hierdie gedeelte hou meesal verband met die betrokke Torahskriflesing van die week, en word altyd na die Skrifgedeelte uit die Torah gelees. Haftorah beteken die *afsluitings deel*.

Die ontstaan van die gebruik om gedeeltes uit die profete saam met die weeklikse Torahskriflesing te lees, is onseker. Die mees algemene verklaring is dat die gebruik van die lees van die Haftorah gedurende die heerskappy van Antiochus IV, ook bekend as Antiochus Epifanus, ontstaan het – ongeveer 200 jaar voor Messias. Antiochus het aan homself die naam Epifanus, wat *god gemanifiteer* beteken, gegee, want hy het homself beskou as die god wat oorhoofs oor al die gode is. Hy wou eenheid in sy ryk bewerkstellig deur 'n Helenistiese (Griekse) kultuur te vestig en hy het die Hebreeuse (Joodse) geloof en kultuur as die struikelblok in die weg hiervan gesien.

Gevolgtlik het Antiochus begin met die onderdrukking van die Jode deur hulle te verbied om hulle geloof uit te leef. Die besit en bestudering van die Torah was selfs strafbaar met die dood. Om hierdie rede het die Jode begin om, in plaas van die lees van die betrokke Skrifgedeelte uit die Torah op Shabbat, 'n gedeelte uit die profete te lees wat betrekking het op die betrokke Torah-Skriflesing van daardie week.

Ongeag hoe die lees van die Haftorah ontstaan het, dien dit as bewys van die ooreenstemmende verband tussen Torah en die res van יהוה se Woord. Dit dien daarom as aanmoediging om die totale Woord van יהוה te bestudeer as Sy onderrig, instruksies en wysheid! Maar as gelowiges in Yeshua as die Messias word gedeeltes uit die Skrifte van die nuwe verbond, wat verband hou met die bepaalde Torahskriflesing, ook gelees.

Die Woord van יהוה se Wonderwerkende Krag

Hierdie week se Haftorah begin met 'n herinnering dat יהוה die hemel en die aarde geskape het.

So sê יהוה-God, wat die hemele geskep en hulle uitgesprei het, die aarde uitgespan het saam met alles wat daarop is, wat asem gee aan die mense daarop en gees aan die wat daarop loop: Jes. 42:5.

יהוה as Skepper-God word ook bevestig in Jes. 48:13

Sekerlik het My hand die aarde begin en My regterhand die hemele uitgesprei; wanneer Ek na hulle roep, staan hulle saam.

Dit dien as 'n herinnering dat alle dinge deur die Woord (die Boodskap) van יהוה se wonderwerkende krag ontstaan het (Heb. 1:3) en sonder Hom het nie een ding ontstaan wat ontstaan het nie. Yeshua is die Lewende Woord van יהוה se wonderwerkende krag! Daarom lees ons dat Johannaes dit alles bevestig!

¹In begin het die Boodskap reeds bestaan en daardie Boodskap het saam met God bestaan en God self was daardie Boodskap. ²Hierdie het aanvanklik saam met God bestaan. ³Alles is deur Sy hande gemaak en sonder Hom het niks bestaan van wat ontstaan het nie. ⁴In Hom was die Lewe en die Lewe was die Lig vir die mense. ⁵Daardie Lig skyn in die duisternis en die duisternis het dit nie oorweldig nie. Joh. 1:1 tot 5.

Paulus bevestig ook dat Yeshua die Eersgeborene is van alles wat geskep is en dat deur Hom is alle ander dinge geskape wat in die hemele en op aarde is.

¹⁵Hy, wat die afbeelding is van die onsigbare God, die Eersgeborene van alles wat geskep is.

¹⁶In Hom is alle dinge geskape wat in die hemele en op die aarde is, wat sienlik en on sienlik is, of dit nou trone of heerskappye of heersers of outoriteite is, alle dinge is in Sy hand en vir Hom geskep.

¹⁷Hy Is die Een wat voor alle dinge is en in Hom is alles gevestig. Kol. 1:15 tot 17.

Al is daar ook baie sogenaamde gode, is daar vir ons net een God-die-Vader en een Meester!

⁵want al is daar ook sogenaamde “gode,” of dit in die hemel en of dit op die aarde is, soos daar dan ook baie “gode” en baie “meesters” is, ⁶is daar vir ons Een God-die-Vader, vanuit Wie alles is en ons is in Hom; Een Meester, Yeshua, Die Gesalfde Een, want alles is deur Hom en ook ons is in Sy hand. 1Kor. 8:5 en 6.

יהוה het nie net alles geskape nie, maar Hy handhaaf en hou ook alles staande deur die Woord van Sy krag, naamlik deur Yeshua (Heb. 1:3).

want Hy is die helder Skynsel van Sy Gemanifesteerde Teenwoordigheid en die Beeld van Sy Wese en hou alle dinge in stand deur die boodskap van Sy wonderwerkende krag. Hy, in Sy Persoon, het die reiniging van ons sondes volbring en gaan sit aan die regterhand van HaG'dulah BaM'romim (Die Grootheid in die Hoogte).

Die Torah, die Profete en die Skrifte van die nuwe verbond bevestig dus dat toe יהוה die hemel en die aarde en alles wat daarin is geskape het, was Sy wonderwerkende krag Yeshua, Die Gesalfde Een – die Woord van Sy wonderwerkende krag.

יהוה ons Skepper en Hersteller

Die slotsom is: יהוה het nie net alles deur Yeshua geskape nie, maar Hy hou Sy Skepping deur Yeshua staande en is steeds besig om voort te bring (te skep, *to create*) – om deur Sy Woord

die onsienlike in die lewe te roep (om uit die niet te voorskyn te bring)!! So is יהוה deur Sy Woord besig met sy genadeplan van die herstel van Sy volk en van Sy Koninkryk sodat dit sal wees soos dit aan die begin, voor die sondeval, was. יהוה is steeds besig om deur Yeshua die onsienlike te voorskyn te bring!

Die vanuit jou sal die ou puinhope herbou; jy sal die eeue oue fundamente oprig en jy sal ‘die herbouer van gebreekte mure’, ‘hersteller van strate om in te bly,’ genoem word. Jes. 58:12

Hierdie week se Haftorah Skriflesing bevat juis die belofte van hierdie herstel, en spesifiek van die herstel (‘herskepping’) van יהוה se volk as ‘n uitverkore geslag, ‘n koninklike priesterdom en ‘n afgesonderde (heilige) volk. Hierdie herstelproses volgens die profesie van Jesaja, het met Yeshua se folterdood en opstanding begin soos wat die Apostel Petrus bevestig:

⁹Julle is ‘n gekose nasie, om te dien as priesters in die Koninkryk, ‘n afgesonderde volk, bymekaargemaak en bevry, om die lofprijsing van Hom, wat julle uit die duisternis geroep het, te verkondig tot Sy wonderlike lig, ¹⁰julle wat vroeër geen volk was nie, maar nou die volk van God is; vir wie niemand omgee het nie, maar nou word omgee oor julle uitgestort. 1 Pet. 2:9 en 10.

Hierdie herstelproses sal voortduur tot יהוה se Raadsplan voltooi is! Daarom lees ons in Jes. 43:1 tot 10 die volgende profetiese woorde:

¹maar nou, so sê יהוה, jou Skepper, o Ya’akov en Hy wat jou gevorm het, o Yisra’el: “Moenie vrees nie, want Ek het jou vrygekoop; Ek het jou by jou naam geroep; jy is myne!

²As jy deur die water gaan, sal Ek by jou wees en deur die riviere, hulle sal jou nie oorstroom nie. Wanneer jy deur die vuur loop, sal jy nie geskroei word nie en die vlam sal jou nie brand nie,

³want Ek is יהוה, jou God, die Afgesonderde Een van Yisra’el, jou Verlosser; Ek het Mitzrayim gegee as losprys vir jou, Kush en S’va in jou plek.

⁴Omdat jy waardevol is in My oë, geëerd is en Ek jou lief het, sal Ek ander mense in jou plek gee en volke inruil vir jou lewe.

⁵Moenie vrees nie, want Ek is by jou; Ek sal jou nageslag van die ooste af bring en jou bymekaarmaak van die weste af.

⁶Ek sal vir die noorde sê: ‘Gee!’ en vir die suide: ‘Moet hulle nie terughou nie!’ Bring My seuns van ver en My dogters vanaf die einde van die aarde,

⁷elkeen wat na My Naam (Karakter en Outoriteit) genoem is en wat Ek geskep het vir My lof, eer en aanbidding; wat Ek gevorm het, wat Ek gemaak het.”

⁸Bring die volk wat blind is uit alhoewel hulle oë het en die dowes alhoewel hulle ore het.

⁹Al die nasies het saam vergader sodat die volke vergader kan wees. Wie tussen hulle kan hierdie verkondig en aan ons die vorige dinge bekendmaak? Laat hulle hul getuies bring sodat hulle onskuldig verklaar kan word; of laat hulle hoor en sê: ‘Dit is die waarheid!’

¹⁰Julle is My getuies,” verklaar יהוה, “My diensknegte wat Ek gekies het sodat julle kan weet en My kan vertrou en kan verstaan dat dit Ek is. Voor My is geen god gevorm nie en daar sal geen ná My wees nie.

Hierdie woorde van יהוה het skeppingskrag en het gebeur, en is huidig steeds besig om te gebeur, presies soos יהוה gesê het, want יהוה is geen mens dat Hy sou lieg nie!

Die Magtige God is nie 'n man dat Hy sou lieg nie, of 'n mensekind dat Hy jammer sal wees nie. Het Hy gesê en sal dit nie doen nie, of het Hy gepraat en sal dit nie waar maak nie? Num. 23:19.

Hoewel sommige van die takke van die natuurlike olyfboom afgebreek is, en ons as wilde olyftakke daarop ingeënt is, sal daar weer van die natuurlike takke aan die einde van die eeue terug op die olyfboom ingeënt word. En so sal die hele Israel gered word (Rom. 11:16 tot 26).

Maar die vraag is: Wie is die een deur wie hierdie herstel kom en wie is diegene wat herstel gaan word?

Indien ons hierdie week se Torah- en Haftorahskriflesing in konteks lees, weet ons dat dit na Yeshua verwys. Die profeet bevestig dit in Jes. 42:1 tot 7 toe hy die woorde van יהוה gespreek het:

¹Let op, My Kneeg wat Ek ondersteun; My gekose Een in Wie My Lewe verheug is. Ek het My Gees op Hom gelê; Hy sal regverdige oordeel na die nasies bring.

²Hy sal nie uitskree of Sy stem verhef, of Sy stem op die straat laat hoor nie.

³Die gekneusde riet sal Hy nie breek en die dowwe lamppit nie uitblus nie; Hy sal getrou 'n regverdige oordeel bring.

⁴Hy sal nie moedeloos of vergruis word totdat Hy regverdigheid op die aarde gevestig het nie en die kuslande sal afwagend op Sy wet wag.

⁵So sê יהוה-God, wat die hemele geskep en hulle uitgesprei het, die aarde uitgespan het saam met alles wat daarop is, wat asem gee aan die mense daarop en gees aan die wat daarop loop:

⁶“Ek is יהוה. Ek het Jou geroep in onpartydige opregtheid, Ek sal Jou ook aan die hand vat en oor Jou wag hou en Ek sal Jou aanstel as 'n Verbond met die volk, as 'n Lig vir die nasies,

⁷om blinde oë oop te maak; om gevangenes uit die kerker uit te bring en die wat in duisternis leef uit die tronk.

Die evangelie volgens Mattheüs vertel ook dat Yeshua hierdie gedeelte uit Jesaja aangehaal het (Matt. 12:17 tot 21).

¹⁴Die Fariseërs het uitgegaan en vergader teen Hom, om Hom te vernietig,

¹⁵maar Yeshua het dit geweet en Hy het daarvandaan onttrek en 'n groot klomp mense het saam met Hom gegaan en Hy het hulle almal gesond gemaak

¹⁶en hulle gewaarsku om Hom nie bekend te maak nie ¹⁷ sodat dit wat Yesha'yahu die profeet gesê het, vervul sou word toe hy gesê het:

¹⁸“Let op, My Dienskneeg in Wie Ek vreugde vind, die Een wat Ek lief het, waarna My Gees verlang het! Ek sal My Gees op Hom sit en Hy sal oordeel aan die nasies verkondig.

¹⁹Hy sal nie stry of uitroep nie en niemand sal Sy stem op die strate hoor nie.

²⁰'n Gekneusde riet sal Hy nie afbreek nie en 'n flikkerende lamp sal Hy nie uitblus nie; Hy sal getrou regverdige oordeel bring en

²¹in Sy Karakter en Outoriteit (Naam) sal die nasies versekerde verwagting hê.”

Aangesien ons bevestiging het dat Jesaja aangaande Yeshua profeteer, kan ons nou vra na wie verwys Yeshua as die ontvangers van die verbond en as lig van die nasies om blinde oë te open en gevangenis wat in geestelike duisternis sit te bevry (Jes. 42:6 en 7)? In konteks gelees weet ons dat dit na Israel verwys, maar dan lees ons verder in Jes. 42:16 tot 20:

16Ek sal die blindes lei op 'n roete wat hulle nie ken nie, op paaie wat hulle nie ken nie, hulle lei; Ek sal die duisternis lig maak voor hulle en die rowwe plekke tot vlaktes. Dit is die dinge wat Ek sal doen en Ek sal dit nie ongedaan laat nie.

17Hulle wat in afgode vertrou, wat aan gegote beelde sê: 'Julle is ons gode,' sal teruggedraai word en diep beskaamd word.

18Hoor, julle dowes en kyk, julle blindes sodat julle kan sien.

19Wie is blind buiten My dienskneg of so doof soos My boodskapper wat Ek stuur? Wie is so blind soos hy wat in vrede met My is, of so blind soos die dienskneg van יהוה?

20Jy het baie dinge gesien, maar jy neem hulle nie waar nie; jou ore is oop, maar niemand hoor nie."

Jes. 42:16 tot 20 verwys na diegene wat blind is, maar vir wie Yeshua sal lei op 'n weg wat hulle nie ken nie en wat sal loop op paaie wat vir hulle onbekend is. Hy sal hulle duisternis in lig verander en en die rowwe plekke gelyk maak. Hulle wat op afgode vertrou het, sal in skaamte agteruitwyk.

Hy verwys na hierdie groep dat hulle wel baie dinge gesien het, maar dit nie waargeneem het nie en die ore oop gehad het, maar nie gehoor het nie (vers 20). Om *nie waar te neem* is die Hebreeuse woord *sh'mar* en beteken *om te bewaar, te onderhou* en *te omhein*. Jesaja verwys dus na diegene wat nie יהוה se Torah ge-*sh'mar* het nie, naamlik dit nie bewaar en gedoen het nie. Vers 21 en 22 verwys dan na die onderwysing van Torah as groot, eerbaar en lofwaardig, asook na die feit dat hulle almal gebonde is wat buit geword het!

Die vraag is dan wie spesifiek is hierdie groep? Wie is die wat baie dinge gesien het, maar wat nie Torah ge-*shmar* het nie. Wie is diegene van יהוה se volk wat ten gronde gaan weens 'n gebrek aan kennis (Hos. 4:6) en in ballingskap weggevoer word (Jer. 5:13). Is dit nie die verlore skape van die huis van Israel (Matt. 10:6 en 15:26) en die heidene wat op Sy Naam sal hoop nie (Matt. 12:21)? Is dit nie die gemeente van Handeling (die 'kerk') wat deur die eeue geestelik verval het en weer in die einde van dae herstel gaan word deur terug te keer na Torah nie? 'n Terugkeer na die Torah van יהוה soos dit in Yeshua vervul is en in die Skrifte van die nuwe verbond uiteengesit word.

Ons Verlosser van die slawejuk van sonde, is ook ons Hersteller om in die voetspore van die gemeente van Handeling te stap!

Bepeins of Bespreek

1. Wat van die takke van die natuurlike olyfboom wat afgebreek is, naamlik die van die huis van Juda wat Yeshua verwerp het. Tel hulle ook onder diegene wat blind is, maar vir wie Yeshua sal lei op 'n weg wat hulle nie ken nie en wat sal loop op paaie wat vir hulle onbekend is. Sal Hy hulle duisternis in lig verander en en die rowwe plekke gelyk maak. Ons moet onthou dat יהוה se herstelplan in Gen. 3:15 begin het en deel van hierdie plan was Israel. Daarom sal יהוה se herstelplan met Israel eindig!
2. Opsommend is die doel van die bestudering van Torah die volgende:
 - Om Yeshua Messias in Torah te ontdek. Verwys: Joh. 5:39, 46 en 47; Luk. 24:25 tot 27 en 2 Tim. 3:14 tot 17. Ons kan nie in Yeshua glo as die Messias en dan Torah verwerp nie. Die twee is onafskeidbaar, want Messias is Torah en Torah is Messias. Dit wat op Torah volg, naamlik die res van die Skrifte, insluitend die van die nuwe verbond, is 'n bevestiging, 'n voortsetting en openbaring van dit wat in Torah geskryf

is. Torah is die basis van beide die ou en die nuwe verbond. Dit vorm daarom die basis van ons geloofslewe.

- Om die Vaderhart beter te leer ken, naamlik Sy wil hoe om as geregverdigde te lewe. Vewys Joh. 17:3 – die ewige lewe is om יהוה en Yeshua te ken.
- Om die verborgenhede van die Koninkryk van die hemele te ken. Verwys Matt. 13:10 tot 17 – aan ons word die geheimenisse van die Koninkryk van God bekend gemaak.
- Om die Raadsplan en siklusse wat יהוה van die begin af gevestig het te ontdek en te verstaan, want die einde word deur die begin bekend gemaak (Jes. 46:9 en 10). Ons moet dus teruggaan na die begin om die einde te kan verstaan. Ons moet by Torah begin om die nuwe verbond regtig te kan verstaan. Die twee staan nie los van mekaar nie. Sonder Torah kan jy nie ‘n lewe leef van iemand wat geregverdig verklaar is deur vertroue in Yeshua nie.
- Hoe om Torah prakties in ons lewe toe te pas. Verwys 2 Tim. 2:15 en 2 Tim. 3:16 en 17.

Skriftestudie

Die doel van hierdie deel van ons Torahskriflesing is om sekere onderwerpe te bestudeer en te bespreek onder die naam “Skriftestudie”. Die rede is dat daar ‘n geneigdheid is om die Skrifte van die nuwe verbond met die Torahleessiklus af te skeep en daarom sal die fokus veral op onderwerpe wees wat op die nuwe verbond betrekking het.

Elke onderwerp sal dus oor ‘n tydperk van weke bestudeer en bespreek word en in elke week se aflewering sal een of meer aspekte van die onderwerp ondersoek word.

Die eerste onderwerp is: “Die Verbond en die Torah”. יהוה se verbond spreek altyd van die Vader se onverdiende guns. Daarom kan die opskrif van hierdie studie ook “Die onverdiende guns van יהוה en die Torah” genoem word.

Almal is bekend met die betekenis van יהוה se Torah, naamlik dat die letterlike betekenis “instruksies” is. Maar dat dit ook beskou word as יהוה se liefdevolle onderrig en wysheid wat vir ons die pad aandui, naamlik hoe om as geregverdigdes te lewe – ‘n lamp vir ons voet en ‘n lig vir ons pad (Ps. 119:105). Daarom is dit jammerlik dat יהוה se Torah as יהוה se wet vertaal word, want die woord “wet” gee nie die ware betekenis nie!

Soos die ware betekenis en doel van יהוה se Torah verlore geraak het, en in hierdie laaste dae herstel word; so het die doel en die betekenis van יהוה se verbond verlore geraak. Daarom is dit noodsaaklik om weer opnuut die doel en die betekenis van die verbond te ondersoek, want יהוה se verbond en Sy Torah loop hand-aan-hand! Ek vertrou dat hierdie studie baie verwarring sal opklaar, veral ten opsigte van die toepassing van יהוה se Torah volgens die verbond wat van krag is.

Daar sal dan volgende week begin word met hierdie studie en יהוה as Verbondsgod sal in die eerste aflewering bespreek word.

-o-o-o-o-o-o-o-

Ontvang יהוה se Woord met welwillendheid, maar ondersoek self die Skrifte of hierdie dinge die waarheid is (Hand. 17:11).

Shabbat Shalom!
Johan.

Epos: kontak@nuweliel.info

Webwerf: <http://www.nuweliel.info>

Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.